

Donderdag 20 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 22:31-34

Fokusgedeelte: Lukas 22:31-34

Glo jy in Jesus of glo jy in jou?

Jy het seker ook al woorde soos dié gehoor of dalk self gesê: “My geloof is baie sterk.” En dan val die klem op “my”.

Dit is wat Petrus op die vooraand van die kruisiging ook gedink het. Hy ken mos homself, altans so het hy gedink. In sy hart is hy ’n geloofsheld. Hy sien homself, die sterk man wat onverskrokke by Jesus sal bly, al kos dit sy vryheid, al kos dit sy lewe. Hy glo in sy goeie voorneme.

Hoe verskriklik laat sy goeie voorneme hom in die steek. Wanneer Satan, net soos Jesus gesê het, hulle soos koring sif, gaan Petrus en hy verloën Jesus tot drie keer toe, net soos Jesus gesê het.

As Petrus se saligheid van sy geloof in Petrus afgehang het, was hy vir ewig verlore. Sy redding lê toe nie binne in homself nie, maar buite homself. In Jesus Christus wat vir hom bid. Petrus moes ’n baie pynlike geloofsles leer. Dit was nodig, want net ’n nederige Petrus is ’n bruikbare Petrus. In die boek Handelingte lees ons hoe wonderlik die Here wel vir Petrus gebruik het.

Geloof is nie om te vertrou op jou, op jou eie krag nie. Selfs nie op jou eie geloofskrag nie! Geloof is om te vertrou op Christus, jou Verlosser en Middelaar wat vir jou bly bid. Omdat Jesus bid, maak Petrus se val hom nie swakker nie, maar sterker.

As die Here toelaat dat jou geloofsverwaandheid jou laat val, is dit ’n teken van sy liefde. Hy wil jou afleer om te sê: “Ek is tot alles in staat.” Hy wil jou leer om te sê: “Ek is tot alles in staat DEUR CHRISTUS WAT MY KRAG GEE.”

Sing: Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6

Ds. D van’t Zand Dirk (emeritus)